

OGGEND-BYBELSTUDIE  
HEIDELBERGSE KATEGISMUS  
SONDAG 21  
VRAAG EN ANTWOORD 55  
STUDIESTUK 11

**MAG EK VRA?**

- Lees en herlees en bedink vraag en antwoord 55.
- Bid die Here dat jy die wondermooi antwoord sal beleef én elke dag uitleef!

Dink na oor die volgende:

"In hierdie gejaagde lewe soek mense na 'n tuiste langs die pad. Te midde van toenemende vervreemding en vereensaming groei die behoefte aan omgee en gemeenskap. In gemeenskap met ander ontdek 'n mens jou individualiteit en leer jy om met ander te deel (*sharing*) én vir hulle om te gee (*caring*).

- Gemeenskap van die heiliges groei uit gemeenskap met God. Dink na oor die stelling en lewer kommentaar.

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

- Lees 1 Johannes 4:7-12. Wat leer die spesifieke verse oor die gemeenskap van die heiliges?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

- Lees Johannes 15:5. Wat is die boodskap van die teks?

---

---

---

---

- Lewer kommentaar op die volgende stelling:?

"Hulle wat deel het aan die skatte en gawes van God, sal ook hulle lewe, in die verruklike avontuur van deelgenootskap, voortdurend met mekaar deel."

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

**DIE "GROOT" INDIKATIEF, DIE "MEKAAR" INDIKATIEF  
EN DIE SEWENTIEN IMPERATIEF "MEKAAR" OPDRAGTE  
IN DIE CORPUS PAULINUM**

"Groot" Indikatief: 1 Tekst  
 "Mekaar" Indikatief: 1 Tekst  
 "Mekaar" Imperatiewe: 32 Tekste

(2)  
**(VAN MEKAAR  
 IN CHRISTUS)**

Romeine 12:5  
 "Net so is ons, al  
 is ons baie, in  
 Christus een  
 liggaam, en almal  
 afsonderlik lede  
 van mekaar."

**"MEKAAR"  
 INDIKATIEF**



(1)  
**"Groot" Indikatief**

(3)  
**(VIR MEKAAR  
 IN CHRISTUS)**  
**"MEKAAR"  
 IMPERATIEWE**

3.1.1-3.1.16  
 (nie chronologies)

(3.1)

**LIEF VIR MEKAAR**

1 Tess. 3:12; 4:9; 2 Tess. 1:3;  
 Rom. 13:8

- Aanvaar mekaar: Rom. 15:7;
- Bemoedig (troos) mekaar:  
 1 Tess. 4:18; 1 Tess. 5:11
- Dien mekaar: Gal. 5:13;
- Dra mekaar se laste: Gal. 6:2;
- Eensgesind met mekaar: Rom. 12:16;  
 15:5; Ef. 4:32a; 1 Tess. 5:13b;
- Betoon mekaar eerbied en respek:  
 Rom. 12:10; Gal. 5:15; Ef. 4:25
- Geduldig met mekaar: Gal. 5:26;  
 Ef. 4:2; Kol. 3:13a
- Groet mekaar: Rom. 16:16;  
 1 Kor. 16:20; 2 Kor. 13:12;
- Leer en onderrig mekaar: Kol. 3:16
- Lieg nie vir mekaar: Kol. 3:9;
- Aan mekaar onderdanig: Ef. 5:21;
- Sing onder mekaar: Ef. 5:19;
- Toegewyd aan mekaar: Rom. 14:19;  
 1 Kor. 12:25;
- Vergewe mekaar: Ef. 4:32b;  
 Kol. 3:13b;
- Vermaan mekaar: Rom. 15:14;
- Wag vir mekaar: 1 Kor. 11:33

"... Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek  
 vanweë die verlossing deur Jesus Christus." **ROMEINE 3:24**